

Marthinus van Bart lewer bondig repliek op prof. Pieter de Klerk van Noordwes-Universiteit se resensie van *Songs of the Veld and Other Poems* in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, Junie 2009, pp. 357,358.

Dit is nie duidelik waarom De Klerk die Jameson-inval, die botsing tussen Kruger en Milner en die biografiese besonderhede oor Milner en Kitchener uit konteks haal en dan tot die gevolgtrekking kom dat die oorsake van die oorlog nie daaruit afgelei kan word nie.

In konteks sal dit vir die intelligente leek – en te meer vir die ingeligte – duidelik wees waarom hierdie inligting geselekteer word siende dat dit in die teks uitgespel word dat die Jameson-inval die voorspel tot die oorlog was: Op bl.xliv, byvoorbeeld, word dit duidelik gestel: “Waar Rhodes en Robinson met die Jameson-inval in 1896 misluk het om die ZAR-regering omver te werp en weens die skandaal hul politieke poste verloor het, het Milner met hernude ywer die aanslag op pres. Paul Kruger hervat.” En dies meer.

Milner en Kitchener was die werktuie in Suid-Afrika om die doelwit te bereik: Milner was die regstreekse verteenwoordiger van Londen. En Kitchener was die bevelvoerder van die Britse magte wat vir die ergste vergrype van die oorlog verantwoordelik was. Die geskiedkundige wat gelees wil word, besef dat daar toenemend in haas elke vakgebied na die persoonlikheid agter die ampelike posisie gekyk word. Psigo-sosiale faktore speel ’n beduidende rol in die motivering vir wat ’n persoon bereid is om op ampelike vlak te doen en dit interesseer lesers wat wyer as slegs die geskiedkundige feite wil kyk.

De Klerk se stelling dat uit die teks nie afgelei sou kon word wat die oorsake van die oorlog was nie, word deur die teks self weerspreek. Trouens, een afdeling van die boek “Politiek-historiese Agtergrond” (p.xxxii-lxx) handel spesifiek hieroor. Die stelling dat “diegene met ’n redelike kennis van hierdie geskiedenis reeds met hierdie sake vertrouwd behoort te wees”, kan op haas alle boeke oor die ABO van toepassing gemaak word. Elke skrywer hanteer die feitelike gegewens egter telkens vanuit ’n bepaalde hoek met ’n spesifieke doel voor oë:

Die hoofdoel van die inleiding was om daardie aspekte van die oorlog uit te lig wat die ses Kaapse digters (Kaapse Rebelle) gemotiveer het om massavergaderings te organiseer en anoniem te dig met die doel om

- a) die onregverdigheid van die Britse oorlogspoging uit te stippel;
- b) uit te wys dat ’n oormag professionele soldate op die burgery losgelaat is met hul verskroeiende-aarde-veldtog;
- c) uit te wys dat die Haagse Konvensie, waarvan Brittanje ’n ondertekenaar was, deur die skending van staatkundige en menseregte verontagsaam is;
- d) uit te wys dat Brittanje se gierigheid na grond en goud die motivering vir die oorlog was;
- e) uit te wys hoedanig die gewone burgery benadeel is;
- f) die heldhaftigheid van die Boere om huis en haard te verdedig – treffend deur Chesterton (p.cxxii) verwoord – te onderstreep.

De Klerk oordryf deur die taal van die inleiding as “soms” emosioneel te beskryf, terwyl slegs enkele byvoeglike naamwoorde met ’n moontlike emosionele betekenis gebruik word. Dit is ook debatteerbaar of hier bloot emosie of objektiewe waarneming ter sprake is. Om De Klerk se eie

voorbeeld te neem: “immorele politieke en ekonomiese eiebelang”. Was daar geen sprake van politieke en ekonomiese eiebelang nie? Indien wel, was dit nie immoreel nie, volgens leksikon-definisie en nie in terme van politieke korrektheid nie? Sê De Klerk dat moraliteit bloot ’n “produkt” van emosionaliteit is en met ’n sobere beoordeling van die feite niks te make het nie?

Interessant dat De Klerk self verwys na die teregstelling van rebelle as voorbeeld van die Britse “metodes van barbarisme”, sekerlik een van die mees emosionele stellings wat herhaaldelik in die ABO-geskiedskrywing gebruik word. En was dit nie immoreel nie? Hoekom steur die woord “immoreel” hom en nie die woord “barbarisme” nie?

De Klerk het ook ’n probleem daarmee dat ek nie die kapitalisme “binne die breër konteks van imperialisme beoordeel nie...”

Kapitalisme was ’n kern-dryfveer van die imperialisme en dit word baie duidelik deur die hele teks gemaak. Dit is nietemin nie die doel van die inleiding om die verband tussen kapitalisme en imperialisme in die fynste detail bloot te lê nie.

Dit is elke skrywer se reg om van geykte bane af te wyk, so lank hy sy stellingname met bronne kan staaf. Dit doen ek wel deeglik. Hoeveel resente historici het al Graham Bower se *Reminiscences* van 1922 diepgaande ontleed? (p.xxxii) Die vraag moet dalk lui: Waarom word Graham Bower se memoirs deur so baie historici geïgnoreer/vermy?

Dat De Klerk die behoorlike sistematiesing van die inligting as “ietwat” onsistematies en omslagtig, afmaak, doen ietwat vreemd aan. Dit is sinvol om die leser eers oor die agtergrond van die digters en die gedigte in te lig voordat hulle die gedigte begin lees.

De Klerk hou ook nie van die wyse waarop die eindnotas gebruik word nie en “daar moet dus baie rondgeblaai word... Sommige van hierdie probleme sou uitgeskakel kon gewees het deur goeie redigering. Hiermee word Van Bart se kundigheid nie in twyfel getrek nie.”

Dat die resesent bogenoemde as ’n “probleem” ervaar, is sekerlik sy reg. Maar hy oorskry sy perke deur sy subjektiwiteit tot norm te wil verhef. Om te impliseer dat daar swak of geen redigering was nie omdat De Klerk nie van die teks-organisasie hou nie, is blote foutsoekery.

De Klerk voel ook beswaard “dat die heruitgawe van die digbundel ’n inleiding bevat wat sterk gerig is op die skrywers van slegs ’n gedeelte van die gedigte en dat daarmee ’n ietwat eensydige aksent op die bundel geplaas word”. Dit is die ses digters se gedigte wat van die digbundel *Africana* maak. Dit is juis hul gedigte wat aanleiding tot die uitgee daarvan gegee het. Die ander, meestal onbekende digters, het uit reaksie op die ses Kaapse Rebelle se gedigte gedig. Waar hulle geïdentifiseer kon word, is dit wel gedoen. Geeneen van hierdie persoonlikhede het egter ’n betekenisvolle merk op die Suid-Afrikaanse geskiedenis gelaat nie.